

DISSIPELSKAP LES 29

1	GEBED
---	-------

Bid vir God se leiding deur sy Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor die maak van dissipels aan die Here toe.

2	AANBIDDING (20 minute)	[KENMERK VAN GOD] GOD IS DIE BESKERMER
---	------------------------	---

Meditasie

Aanbidding is bewondering en lofprysing van God.

Tema: Die God van die Bybel is die Beskermer.

Lees die volgende Bybelgedeeltes saam:

Jesaja 37:14-20,33-38; Psalm 34:7; Psalm 91:1-16; 2 Konings 6:8-23.

Lees die uitleg voor of lê dit in jou eie woorde uit.

1. Hoe die HERE mense in die verlede beskerm het.

Vertel kortliks hoe die HERE die profeet Elisa en sy slaaf/dienaar beskerm het.

Lê klem op drie sake:

- Die HERE ken elke woord wat die vyand in sy slaapkamer praat en vertel dit dan aan sy profeet.
- Die HERE en sy leer van engele is baie meer en sterker as die mense wat aan die kant van die vyand staan.
- Die HERE kan die oë van mense oopmaak sodat hulle die perde en strydwaens van die HERE wat hulle omring en beskerm, kan sien.

2. Hoe die HERE mense vandag beskerm.

Laat 'n paar persone vertel hoe die HERE hulle in die verlede beskerm het.

Aanbidding.

Aanbid God as die Beskermer. Doen dit kortliks, om die beurt in die groep, of in klein groepies van drie mense.

3	DEEL (20 minute)	[STILTETYE] GENESIS 20:1 – 23:20
---	------------------	-------------------------------------

Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Genesis 20:1 – 23:20). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op dit wat hy sê nie.

4	ONDERRIG (70 minute)	[BYBEL] DIE BYBEL KORREK UITGELÊ
---	----------------------	-------------------------------------

Dit is die verantwoordelikheid van elke Christen om die Bybel korrek te verduidelik/ uit te lê. Hy mag nie die waarheid verdraai nie. “Ons vermy praktyke wat nie die lig kan verdra nie en waaroor ons ons sou moes skaam. Ons gaan nie met bedrog te werk nie en ons vervals nie die woord van God nie. Inteendeel, ons maak die waarheid openlik bekend en beveel onself so aan by elkeen wat voor God 'n eerlike gewete het” (2 Korintiërs 4:2). Die Bybel spoor elke Christen aan om die Woord van God as 'n reguit pad deur 'n oerwoud van leuens en halwe waarhede in die wêreld uit te lê. “Lê jou daarop toe om jou tot beskikking van God te stel as 'n arbeider wat die goedkeuring van God wegdra, 'n arbeider wat hom vir sy werk nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid suiwer verkondig” (2 Timoteus 2:15). Beide die Here Jesus Christus en die apostel Paulus waarsku teen valse leraars (Matteus 24:10-11; 1 Timoteus 4:1-2). Alleen die waarheid m.b.t. die onderrig van Jesus Christus sal mense regtig vry maak (Johannes 8:31-32).

Ons het verkeersreëls om veilig in die verkeer te kan ry, gesondheidsreëls om gesond te leef en reëls van die owerhede om in harmonie met mekaar te kan saamleef. So het mens reëls nodig om die Bybel goed te begryp. Hier is tien reëls om toe te pas om die Bybel korrek uit te lê en te begryp.

REËL 1. DIE BYBEL IS GOD SE GESAG IN MENSETAAL

- **Die Bybel is bonatuurlik, omdat God die Outeur van die Bybel is. Die Bybel is gesaghebbend vir die denke en gedrag van mense. Dit is betroubaar, omdat geen gedeelte twee verskillende betekenisse het nie.**
- **Die Bybel is ook natuurlik, omdat God sy Woord deur mense en in hulle taal geopenbaar het. Die Bybel in jou taal, korrek uit die oorspronklike tale vertaal, is God se Woord.**

1. Die Bybel is bonatuurlik van aard – dus gesaghebbend.

Lees 2 Timoteus 3:16 (2 Petrus 1:20-21; Numeri 23:19; Titus 1:2).

(1) Gesaghebbend.

Die Outeur van die Bybel is God, die Heilige Gees. “Die hele Skrif is deur God geïnspireer.” Daarom is die Bybel nie net die finale gesag vir die leer en lewe van Christene nie, maar ook gesaghebbend vir die denke en gedrag van alle mense.

(2) Betroubaar.

Die Bybel reflekteer/weerkaats die eienskappe van God. Die Bybel as Woord van God is ewig, maar dit is in die tyd geopenbaar. Die Bybel is waar, heilig en regverdig. Daarom is die Bybel volkome betroubaar. Omdat God waaragtig is en sy gedagte, wil en plan duidelik geopenbaar is, het geen Bybelgedeelte twee verskillende betekenisse nie. Daarom moet ’n christen hom beywer om te begryp wat God in elke gedeelte van die Bybel bedoel om oor te dra.

2. Die Bybel is ook natuurlik van aard – daarom begryplik.

Lees Johannes 14:26 (Jesaja 30:8; Jeremia 36:1-4).

(1) Die oorspronklike tale van die Bybel.

Die Bybel is die geopenbaarde Woord van God, opgeteken deur mense vir mense. God het met mense gepraat en hierdie mense het God se woorde opgeteken. Die oorspronklike Ou Testament is geskryf in die taal van God se volk in die tyd toe God tot die profete gespreek het – Hebreeus (en ’n klein gedeelte in Aramees). Die oorspronklike Nuwe Testament is geskryf in die wêreldtaal van die tyd toe God met die apostels gepraat het - Grieks. Vir alle vertalings (en verduidelikings) van die Bybel bly die Hebreeus en Grieks normatief!

(2) Vertalings van die Bybel.

Die Ou Testament is omstreeks 250 v.C. in Grieks vertaal en die Nuwe Testament (skrywers) het hierdie vertaling as die Woord van God beskou. So moet jy ook die betroubare vertaling van die Bybel uit die Hebreeus en Grieks in jou taal as die Woord van God beskou. Dis voordelig as jy die Bybel ook in ’n ander moderne taal kan lees, maar dis die beste as jy die oorspronklike Hebreeus en Grieks kan lees.

REËL 2. DIE BYBEL IS ’N EENHEID EN LÊ HOMSELF UIT

- **Die Bybel is die enigste opgetekende openbaring van God en sy plan in/met die wêreld.**
- **Die Ou Testament en die Nuwe Testament vorm ’n eenheid. Die volgende sinne stel dit duidelik: “In die Ou Testament lê die Nuwe Testament verborge. In die Nuwe Testament is die Ou Testament geopenbaar.” Daarom is die Bybel as geheel die beste uitlegger/verklaarder van elke Bybelgedeelte.**

1. Die Ou Testament en die Nuwe Testament is ’n eenheid.

Lees 1 Petrus 1:10-12; Matteus 5:17 (Lukas 24:44-45; 2 Korintiërs 1:20; Kolossense 2:16-17; Hebreërs 10:1-4).

(1) Voorbereiding en vervulling.

Die Ou Testament en die Nuwe Testament weerspreek mekaar nooit nie. Hulle vul mekaar aan: die Ou Testament berei die Nuwe Testament voor en die Nuwe Testament vervul die Ou Testament.

(2) Voortgang in die openbaring.

Tog was daar voortgang in God se openbaring. Die Bybel noem die wette, beelde, profesieë en beloftes in die Ou Testament “ ’n skaduwee van al die goeie dinge wat nog moes kom” en die Nuwe Testament “die werklikheid of die beeld self” (Kolossense 2:17; Hebreërs 10:1). Die Nuwe Testament leer hoe Jesus Christus die Wet, die beelde, die profesieë en die belofte in die Ou Testament vervul het. Daarom moet die Ou Testament altyd in die lig van die Nuwe Testament uitgelê word! Wat die Nuwe Testament leer is normatief!

2. Die Nuwe Testament lê die Ou Testament uit.

Lees Lukas 10:25-28.

Jesus Christus het die vrae van mense oor die Bybel beantwoord met antwoorde uit die Bybel (die Ou Testament). Hy het ’n onduidelike Bybelgedeelte (bv. Deuteronomium 24:1) uitgelê met ’n duidelike Bybelgedeelte (bv. Genesis 1:27; Genesis 2:24; Matteus 19:3-8). Dus: die Bybel lê homself uit. Die hele Bybel is die beste vertolker van elke

Bybelgedeelte. Geen Bybelgedeelte was bedoel om twee verskillende betekenis te hê nie. Beywer jou dus om die betekenis wat God bedoel het, te begryp.

REËL 3. BYBELUITLEG VEREIS GELOOF EN DIE HEILIGE GEES

- **Geloof in Jesus Christus is altyd gebaseer op die woorde in die Bybel. 'n Mens het geloof in Jesus Christus nodig om die Bybel te begryp en korrek uit te lê.**
- **God is die Onderwerp van die Bybel. Die Gees van God is die Outeur van die Bybel. Alleen die Heilige Gees maak die woorde van die Bybel begryplik. 'n Mens het die Heilige Gees nodig om die Bybel te begryp en korrek uit te lê.**

1. Mense wat glo in Christus kan die Bybel begryp/verstaan.

Lees Johannes 16:13-15; Romeine 10:14-17 (1 Korintiërs 2:7-15).

Geloof in Jesus Christus kom deur die hoor van die woorde oor God en sy wil in die Bybel. Die Heilige Gees verlig die denke en die hart van mense sodat hulle kan begryp wat God in die Bybel geopenbaar het. Alleen weergebore Christene kan die Bybel korrek uitlê.

2. Mense wat nie in Christus glo nie, kan die Bybel nie op hulle eie begryp nie.

Lees 2 Korintiërs 3:14-17; 2 Korintiërs 4:3-4 (Matteus 21:29; 2 Petrus 3:16).

Nie-Christene (insluitende volgelinge van ander godsdienste) is “geestelik dood” en 'n sluier bedek hulle oë, sodat hulle nie die woorde in die Bybel kan begryp of korrek kan uitlê nie. Bybelstudie (en teologiese studie) sonder 'n persoonlike geloof in Jesus Christus en sonder die verligting van die Heilige Gees is waardeloos! Wanneer sulke mense uitsprake maak oor die God van die Bybel, oor Jesus Christus, oor Christene of oor die Bybel, moet jy in gedagte hou dat hierdie mense nog nie weergebore Christene is nie!

REËL 4. BEPAAL TOT WIE DIE BYBELGEDEELTE GERIG IS

Die Bybel rig hom tot verskillende soorte gehore. Bepaal daarom watter gehoor God bedoel het om aan te spreek. Dit is 'n waardevolle reël vir die uitlê van beloftes en dreigemente, bevele en profesieë in die Bybel.

- **Soms is die waarheid in die gedeelte algemeen, d.w.s. vir elkeen op aarde of vir elke Christen bedoel.**
- **Soms is die waarheid juis beperk tot 'n bepaalde groep mense of tot 'n enkeling.**

1. Soms rig 'n Bybelgedeelte hom tot iedereen.

Lees Lukas 14:25-27.

(1) Die waarheid in die volgende Bybelgedeeltes is gerig tot alle mense in alle volke van die wêreld:

- Bkering en geloof in die evangelie (Markus 1:15)
- Geloof in die Here Jesus Christus (Johannes 3:16)
- Jou kruis opneem en Jesus volg (Markus 8:34-38).
- Die ontwikkeling van persoonlike Bybelse oortuigings (Lukas 14:25-27)

(2) Die volgende Bybelgedeeltes se waarhede is gerig tot alle Christene:

- Gee voorkeur aan Jesus Christus en sy woorde bó lojaliteit aan jou familie (Markus 10:28-30)
- Ons moet mekaar liefhê net soos Jesus Christus ons liefhet (Johannes 13:34-35)
- Weet dat jy deur God uitverkies is en veronderstel is om Jesus Christus te gehoorsaam en deur die Heilige Gees geheilig te word (1 Petrus 1:1-2)
- Weet dat jy die kosbaarste geloof as 'n genadegawe van God ontvang het (2 Petrus 1:1).

2. Soms rig 'n Bybelgedeelte hom tot 'n beperkte groep toehoorders.

Lees Markus 10:17,21.

Die waarheid in die volgende Bybelgedeeltes is gerig tot 'n beperkte/bepaalde groep mense:

- Beperk tot 'n bepaalde groep: Israel (Maleagi 1:1 en Maleagi 3:6-10; Jesaja 6:8-10).
- Beperk tot 'n bepaalde tyd/periode (die fisiese besnydenis van mense van die manlike geslag geld alleen gedurende die Ou-Testamentiese periode (Genesis 17:9-14; Galasiërs 5:3-4; Galasiërs 6:12-15)
- Beperk tot 'n bepaalde persoon: bv. Dawid (1 Kronieke 17:7,11-14) of die ryk man (Markus 10:21)
- Beperk tot 'n bepaalde vereiste (voorwaarde): bv. bekering (Jeremia 18:6-10; Esegïël 33:11-20) of luister na wat die Gees sê en gehoorsaam Hom (Openbaring 2:7).

REËL 5. BEPAAL DIE SOORT LITERATUUR WAARMEE JY TE DOEN HET

Die Bybel is nie in één styl geskryf nie, maar bevat verskillende soorte literatuur: wette, geskiedenis, poësie, wysheid, profesie, openbaring, onderrig, gelykenisse, allegorieë, ens. Elke styl het sy eie reëls vir uitleg!

Vra jouself eers af: “Watter literêre styl gebruik God in hierdie Bybelgedeelte?” Is dit:

- Wette?
- Geskiedenis?
- Poësie/wysheid?
- Profesie?
- Onderrig?
- Gelykenisse?
- Apokaliptiek/openbaring?

Lê dan die Bybelgedeelte uit met behulp van die reëls wat vir daardie styl geld. Die reëls vir die uitleg van wette, geskiedenis, poësie, profesie, onderrig, gelykenisse en apokaliptiek vind jy in die voetnoot.¹ Die reëls vir die uitleg van die gelykenisse van Jesus vereis besondere aandag.² Ons verwag letterlike feite in die geskiedenisboeke; figuurlike taalgebruik in die poëtiese/digterlike boeke; vergelykings in die wysheidsliteratuur; en simbole in die Apokaliptiese werk.

REËL 6. BEPAAL DIE KLEM/NADRUK IN 'N BEPAALDE BYBELGEDEELTE

Dikwels lê die klem van 'n bepaalde Bybelgedeelte op iets spesifiek soos 'n leerstelling, 'n bevel, 'n beskrywing van 'n gebeurtenis in die geskiedenis, 'n profesie of 'n belofte. Stel vas waarop die klem in 'n bepaalde Bybelgedeelte val.

Vra jouself af: Lê die klem in die Bybelgedeelte op:

- die onderrig van 'n leerstelling?
- die aanleiding tot (of bevel van) 'n handeling?
- die vertel van 'n historiese gebeurtenis?
- of die maak van 'n belofte of 'n profesie?

(1) Waarop lê die klem in Johannes 14:6?

As die klem van 'n bepaalde Bybelgedeelte lê op die onderrig van 'n leerstelling (en dit is vir jou bedoel), dan **moet** jy die leerstelling glo.

Bv., in Johannes 14:6 lê die klem op die onderrig van 'n leerstelling. Formuleer die leerstelling deur veral op die selfstandige naamwoorde te lê: “Ek (Jesus)”, “die weg”, “die waarheid”, “die lewe”, “niemand”, en “de Vader”.

Die leerstelling is: “Jesus is die enigste weg na die Vader toe!” (Hierdie leerstelling **moet** Christene glo).

(2) Waarop lê die klem in Johannes 13:34-35?

As die klem van 'n bepaalde Bybelgedeelte op die bevel van 'n handeling lê (en dit is vir jou bedoel), dan **moet** jy dit gehoorsaam.

In Johannes 13:34-35 bv., lê die klem op 'n bevel. Formuleer die aksie/handeling deur veral te let op die werkwoorde: “mekaar liefhê”, “soos Ek julle liefgehad het”, “sal almal weet”, “dissipels van My is”.

Die bevel is: Ons Christene **moet** mekaar liefhê net soos Jesus Christus ons liefgehad het”.

Maar al die seremoniële of rituele wette in die Ou Testament m.b.t. die priesters, die tempel, die feeste (Levitikus 23) en die offerandes, ens., het net vir Israel gegeld vóór die eerste koms van Jesus Christus, en mag nie weer in die Nuwe-Testamentiese Gemeente (Kerk) ingevoer word nie!

(3) Waarop lê die klem in Handeling 17:11?

As die klem van 'n bepaalde Bybelgedeelte lê op die vertelling van 'n historiese gebeurtenis, dan moet jy eerstens vasstel of dit 'n goeie of 'n slegte voorbeeld is. 'n Goeie voorbeeld **mag** jy navolg, maar 'n slegte voorbeeld **mag jy volstrekt nie** navolg nie.

Nét wanneer 'n goeie voorbeeld ondersteun word deur duidelike onderrig of 'n bevel in 'n ander Bybelgedeelte mag jy die voorbeeld beskou as onderrig of 'n bevel wat nagevolg moet word.

In Handeling 17:11 bv., lê die klem op die vertelling van 'n historiese gebeurtenis en die voorbeeld is goed. Daarom **mág** (let wel: nie móét nie) Christene die goeie voorbeeld van die mense in Berea navolg en die Bybel elke dag bestudeer. Maar Christene **mag nie** van ander Christene eis dat hulle die Bybel *elke dag* moet bestudeer nie!

Die historiese voorbeeld in 1 Korintiërs 10:6-11 is sleg, maar die historiese voorbeeld in 1 Korintiërs 10:23 – 11:1 is goed. Die slegte voorbeeld is verbode en Christene **mag** hulle **nie** soos afgodsdienaars gedra in heidense feeste en seksuele immoraliteit nie. Maar die goeie voorbeeld is toelaatbaar: christene **mag** alles eet wat by die slaghuis verkoop word sonder om gewetensvrae te stel. Maar Christene **mag nie** ander Christene dwing om so op te tree soos hulle nie,

¹ Vgl www.deltacursus.nl les 9 (God se wet en genade), les 10 (Die geskiedenisboeke), les 12 (Die poëtiese boeke), les 13 (Die profetiese boeke), les 15 (Die Apokalips Daniël) en les 19 (Die Openbaring aan Johannes).

² Vgl www.dota.net handleiding 9 tot en met handleiding 12.

veral in sake soos die eet van vleis, die drink van wyn en die onderhouding van bepaalde feesdae nie (Romeine 14:1 – 15:14).

Die historiese voorbeeld in 3 Johannes 9-11 is sleg en mag nie nagevolg word nie. Die leier van die gemeente, Diotrefes, het die apostel Johannes en sy span verwerp. Hy het valse gerugte (laster) versprei oor die apostel Johannes en sy span, geweier om hulle te ontvang en het die Christene verjaag wat wel deel van die gemeente was. Christene **mag nooit** oor ander Christene heers nie (Matteus 20:25-28; 1 Petrus 5:1-4)!

(4) Die klem by beloftes en profesieë.

As die klem van 'n bepaalde Bybelgedeelte lê op die maak van 'n belofte of profesie dan moet jy eers vasstel wie die geadresseerde is, of daar 'n voorwaarde aan verbonde is en of dit al in vervulling gegaan het.

• **Is die belofte of profesie gerig tot een spesifieke persoon of een spesifieke groep mense?**

Indien wél, aan wie? Bv., in Genesis 22:15-18 maak God 'n belofte aan Abraham en sy nageslag. Sy nageslag is hier nie die Joodse volk nie (Romeine 9:6), maar sy nageslag is allereers Jesus Christus (Galasiërs 3:16) en daarna alle mense wat glo dat Christus sou kom (in die Ou Testament) en gekom hét (in die Nuwe Testament en daarna) (Galasiërs 3:6-9; Romeine 4:9-17).

• **Is daar voorwaardes aan die belofte of profesie verbonde?**

Indien wel, wat is dit? Bv. in Jeremia 18:5-17 en in Esegïel 18 is die voorwaardes opregte berou en bekering.

• **Het die belofte of profesie al in vervulling gegaan?**

Indien wel, hoe? Die belofte aangaande die land en getal van die bevolking van Israel (Genesis 15:18 en Genesis 22:17) het al in vervulling gegaan (1 Konings 4:20–5:1) (vgl. Josua 23:14-16).

• **Wat leer die Nuwe Testament oor hierdie belofte of profesie?**

Die profesie in Jesaja 7:14-16 van “ 'n jong vrou” kry in Matteus 1:23 'n tweede en dieper uitleg in “die maagd” Maria. En die profesie in Amos 9:11-12 aangaande “die heropbou van Israel” word in Handeling 15:14-19 toegepas op “die heropbou van die volk van God wat bestaan uit die oorgeblewenes van Israel en die gelowiges uit die heidene”. Die profesieë in die Ou Testament moet altyd uitgelê word in die lig van wat die Nuwe Testament oor dié onderwerp leer! By die eerste koms van Jesus Christus word “God se volk” (Israel) nie opgehef of vervang nie, maar voortgesit en uitgebrei om die gelowiges uit die heidense volke in te sluit. Dan is daar nie meer onderskeid tussen Jood en nie-Jood nie en behoort elke persoon wat opreg glo in Jesus Christus tot “God se volk” (Matteus 8:11-12; Matteus 21:42-44; Romeine 10:12-13; Galasiërs 3:26-29; Kolossense 3:11; Galasiërs 6:14-16; Efesiërs 2:11-22; Efesiërs 3:2-6; 1 Petrus 2:9-10).

REËL 7. BEPAAL OF DIE LEERSTELLINGS OP KERKLIKE TRADISIE OF OP DIE BYBEL GEBASEER IS

Die christelike leerstellings word bepaal deur die onderrig, gebooie en verbodsbepalinge in die Bybel en nie deur 'n kerklike tradisie wat daarmee in stryd is nie.

- **Kerklike tradisies, tradisionele belydenisskrifte, teologiese seminaries, teologiese boeke, godsdienstige aktiwiteite, visioene, drome en profetiese uitsprake moet altyd aan die leer van die Bybel getoets word.**
- **Die christelike leer en belydenisskrifte van kerke moet altyd met die leer van die Bybel, korrek uitgelê, getoets word en indien nodig gewysig word.**

1. Kerklike tradisies, godsdienstige aktiwiteite, visioene, drome en profetiese uitsprake moet altyd aan die leer van die Bybel, korrek uitgelê, getoets word.

(1) Godsdienstige rituele en aktiwiteite moet altyd aan die Bybel getoets word.

Lees Jesaja 1:8-18.

God het aan sy profeet Jesaja geopenbaar dat die tradisionele tempelgodsdienste met offers en feeste vir mense heeltemal waardeloos geword het. God verwerp godsdienstige rituele van mense wat hulle nie tot Hom bekeer nie.

(2) Visioene, drome en profetiese uitsprake moet altyd aan die Bybel getoets word.

Lees Jeremia 23:16,21-22,25-32,36.

Jeremia 23:16. So sê die Here die Almagtige: Julle moenie luister na wat die profete sê nie, die profete wat vir julle as profete optree. Hulle wek vals verwagtings by julle, hulle praat oor visioene wat hulle self uitdink, nie oor wat die Here sê nie.

Jeremia 23:21-22. Ek het nie hierdie profete gestuur nie, tog het hulle met 'n boodskap rond gehardloop. Ek het nie met hulle gepraat nie, tog het hulle as profete opgetree. As hulle in my raadskamer gestaan het, sou hulle my woorde aan my volk meegedeel het en my volk van hulle verkeerde koers af laat wegdraai het, van hulle sondige dade af. Ek het gehoor wat sê die profete wat sonder opdrag in my Naam as profete optree. Hulle sê: “Ek het 'n droom gehad, ek het 'n droom gehad!”

Jeremia 23:26. Hoe lank sal die profete wat sonder opdrag optree, die profete wat leuens uitdink om te verkondig, nog aanhou hiermee?

Jeremia 23:27. Hulle dink hulle sal my volk my Naam laat vergeet met die drome wat hulle vir mekaar vertel, net soos hulle voorvaders my Naam deur die Baäl vergeet het.

Jeremia 23:28. Die profeet wat 'n droom gehad het, mag vertel wat hy gedroom het (maar sy droom moet aan die Bybel getoets word), maar hy wat my woord ontvang het, moet my woord eerlik oordra. 'n Mens kan nie strooi (drome) met die beste koring (die Woord van God) vergelyk nie, sê die Here.

Jeremia 23:29. My woord is soos vuur, sê die Here, soos 'n hamer waarmee klippe stukkend gebreek word.

Jeremia 23:30. Daarom, sê die Here, is Ek teen die profete wat herhaal wat ander sê en dan voorgee dat dit van My af kom.

Jeremia 23:31. Kyk, sê die Here, Ek is teen dié profete wat hulle eie stories vertel en dan sê: “Die Here sê so.”

Christene moet duidelik onderskei tussen die woorde van God in die Bybel en die woorde wat mense beweer wat van God af kom! Vandag is daar mense wat beweer dat hulle “pouse”, “biskoppe”, “priesters”, “profete”, “apostels”, “voorgangers” en “leraars” is, maar meestal het hulle hulself in die posisie aangestel! 'n Ware profeet “hou hom binne die perke wat God gestel het” in die Bybel (ware “profete” of verkondigers voeg niks toe aan die woorde van die Here in die Bybel nie) (1 Korintiërs 4:6). Ware profete roep mense op hulle verdorwe lewenswandel op te gee. Alles wat Jesus Christus in die Ou Testament (1 Petrus 1:10-12) en in die Nuwe Testament leer (Johannes 16:13-15) is “die getuienis van Jesus” (Openbaring 19:10). In die oorspronklike Grieks staan: “Want die getuienis van Jesus is die gees (die essensie of wesenlike inhoud) van (Bybelse) profesie”.

(3) Kerklike tradisies (oorlewerings) moet altyd aan die Bybel getoets word.

Lees Markus 7:1-9; Lukas 11:44-46.

Jesus Christus beskuldig die Skrifgeleerdes (die Joodse teoloë) en die Fariseërs (die Joodse vromes) dat hulle die gebooi van God in die Bybel ongeldig maak ten einde hulle eeue oue tradisies tot die einde toe te behou! Jesus waarsku dat die voortdurende onderhouding van godsdienstige voorskrifte van mense 'n waardelose en tevergeefse godsdienst is (Markus 7:6-7)! 'n Mens wat sy godsdienstige oorleweringe belangriker ag as die Woord van God is “'n blinde wat blindes lei”. Christene wat hulle verhouding met Christus ernstig opneem moet hierdie mense vermy, sodat hulle nie besmet en verontreinig word deur hierdie “versteekte grafte in die veld” (Matteus 15:13-14; Lukas 11:44-46)!

2. Die christelike leer en belydenisskrifte van kerke moet met die leer van die Bybel, korrek uitgelê, getoets word.

Lees 1 Korintiërs 4:6; 1 Timoteus 3:14-15 (Matteus 7:24,26; 2 Timoteus 3:16-17).

(1) Die christelike leer moet heeltemal op die Bybel gebaseer wees.

Die christelike leer moet geheel en al gebaseer wees op die onderrig, gebooi en verbodsbepalinge die Bybel, korrek uitgelê. Die onderrig, gebooi en verbodsbepalinge in die Bybel het altyd 'n hoër gesag as die onderrig, gebooi, verbodsbepalinge en tradisies van kerkgenootskappe en hulle leiers of leraars. Hulle het hoër gesag as die bewerings van die wetenskap en filosofie. Jesus Christus en die apostels haal aan wat daar in die Bybel geskryf staan (Lukas 10:25-26; Handeling 2:16; Handeling 13:40-41) en nie wat een of ander beroemde rabbi, kerkvader, teoloog of skrywer van 'n christelike boek sê nie! Die geloofbelydenis en belydenisskrifte van kerkgenootskappe, hoe nuttig hulle opsommings van die christelike geloof ook al mag wees, moet altyd geëvalueer word in die lig van wat die hele Bybel, korrek uitgelê, leer. Christene mag nie iets aan die Bybel toevoeg of daarvan wegneem nie (Openbaring 22:18-19)!

(2) Die leerstellings van Jesus Christus moet in praktyk toegepas word.

Jesus het die mense geleer om in sy woorde te glo en hulle in die praktyk van hulle lewens toe te pas (Johannes 8:24; Matteus 7:24,26). Die apostel Johannes het beveel dat iemand wat nie die leer van Christus bring nie, nie ontvang en gegroet moet word nie (2 Johannes 9-10). En die apostel Paulus het geleer dat dit wat christene van hom geleer en ontvang het, hulle ook moet doen (Filippense 4:9). Hy het hulle geleer hoe manne en vroue in die gemeente hulle moet gedra en hoe oudstes (ouderlinge) en diakens gekies moet word (1 Timoteus 3:14-15).

REËL 8. ELKE CHRISTEN HET DIE VERANTWOORDELIKHEID OM DIE WAARHEID VAN DIE BYBEL TE HANDHAAF EN VALSE LERAARS TE VERWERP

Die doel van die Bybel is om God en sy waarheid te openbaar en om mense te verander.

- **Elke Christen het die reg en verantwoordelikheid om die waarhede in die Bybel te bestudeer, te begryp en in die praktyk van sy lewe toe te pas. Maar hy moet die waarheid korrek uitlê en toepas.**
- **Elke Christen het die reg en verantwoordelikheid om die waarhede in die Bybel aan andere te leer. Hy moet valse leraars tereg wys.**

1. 'n Christen het die verantwoordelikheid om die waarheid te ken, te begryp en te gehoorsaam.

Lees Matteus 13:23; Johannes 14:21,23; 1 Petrus 1:14-16 (Johannes 8:31-32; Johannes 17:17; Matteus 7:24; Filippense 4:9)

Kennis.

Jesus Christus Self en sy onderrig is die Waarheid. Hy het Christene beveel om die waarheid te ken, te begryp en te gehoorsaam. Die waarheid maak Christene waarlik vry.

Gehoorsaamheid.

Jesus Christus en die apostels vermaan mense om die waarheid te bestudeer, toe te pas in praktyk en aan andere te leer (vgl. Esra 7:10).

Karakter.

Die profete, Jesus Christus en die apostels spoor Christene aan “wees heilig, want God is heilig”. Die weg tot heiliging is deur die waarheid in die Bybel te gehoorsaam en dit nie net te ken nie.

2. 'n Christen moet valse leraars nie verwelkom nie.

Lees 2 Johannes 9-11 (2 Timoteus 2:23-26; Titus 1:9; 1 Johannes 2:20-23).

Christene moet dwase en onsinnige spekulاسies verwerp en teenstanders en dwarstrekkers tereg wys, maar valse leraars nie in hulle huise verwelkom/ontvang nie.

REËL 9. BEPAAL OF DIE GESKIEDENIS IN DIE BYBELGEDEELTE NORMATIEF IS OF NIE

Die historiese konteks in die Bybel bestaan uit die beskrywings van menslike gedrag sonder uitleg of evaluering.

- **Historiese gebeurtenisse wat nie uitgelê of geëvalueer word nie, is oor die algemeen nie normatief nie.**
- **Nét as die gebeurtenis 'n illustrasie is van 'n duidelike les of bevel in die Bybel, of uitgelê of geëvalueer word, is dit normatief.**

1. Die heilsgeskiedenis van God en die geskiedenis van menslike reaksies op God.

Die historiese beskrywings in die Bybel het twee doele/mikpunte.

(1) Deur die hele geskiedenis spreek en handel God.

God se doel is om Homself, sy wil (plan) en betrokkenheid in die skepping en die geskiedenis te openbaar d.m.v. sy gesaghebbende woorde en magtige daede in die geskiedenis. Hierdie geskiedenis van God se skepping (Genesis 1:1 - 2:4), verlossing (Eksodus 13:21-22; Eksodus 14:19-22,29-31; Eksodus 20:1-2) en oordeel (Eksodus 14:23-28) word onthul en opgeteken in die Bybel. Dit is belangrik omdat die Bybel die middel is waardeur mense die werklikheid en nabyheid van die Lewende God (sy heiligheid, regverdigheid, liefde en barmhartigheid) in sy skepping en in die menslike geskiedenis kan vat en sy heilsplan vir die mensdom kan begryp.

(2) Deur die hele geskiedenis reageer die mens op God se woorde en daede.

God se doel is ook om die verskillende reaksies van individue, groepe en volke op sy woorde en daede aan die lig te bring. Soms is hierdie reaksies vir God aangenaam (Genesis 6:9) en soms onaangenaam (Genesis 6:2; Deuteronomium 7:3-4). Ook hierdie geskiedenis van menslike reaksies op God se woorde en daede is in die Bybel opgeteken. Dit is belangrik omdat die Bybel die middel is waardeur mense begryp hoe diep/ernstig die sondeval was en hoe mense nou is (onheiligh en onregverdig, wreed en ander haat) (Genesis 6:5).

2. Menslike gebeurtenisse in die geskiedenis van die Bybel wat nie uitgelê of geëvalueer word nie, is nooit normatief of gesaghebbend nie, behalwe as hulle uitdrukkings is van ander normatiewe lering/onderrig of 'n bevel in 'n ander Bybelgedeelte.

(1) Die woord “normatief”.

“Normatief” beteken dat iets as 'n reël vir die christelike geloof (die leer, dogmatiek) of die christelike gedrag (lewenswyse, etiek) funksioneer. Dit beteken dat dit 'n reël is waaraan die Christen gehoorsaam moet wees.

(2) Menslike gebeurtenisse in die geskiedenis, sonder uitleg of evaluasie is nie normatief nie.

Menslike gebeurtenisse en voorbeelde in die geskiedenis van die Bybel toon aan hoe mense reageer het op God se verbodsbepalings, bevels en onderrig – wat hulle geglo het en hoe hulle hul in die geskiedenis gedra het – soms in ooreenstemming met God se wil en soms téén God se wil! Omdat hierdie menslike gebeure en voorbeelde in die geskiedenis van die Bybel meestal vertel of beskryf word **sonder uitleg of evaluering**, is hulle nie normatief vir die christelike geloof of christelike gedrag nie, behalwe as 'n ander Bybelgedeelte dit leer of verwerp, of die gedrag bevel of verbied! Die menslike gebeurtenisse en voorbeelde in die geskiedenis van die Bybel leer nie hoe mense hulle **moet** gedra nie, maar hoe mense hulle gedra **het**. Daarteenoor word God se wil in die Bybel geleer. God se onderrig, bevels en verbodsbepalings is wel normatief, want hulle leer hoe mense hulle **moet** gedra.

- As hierdie gebeurtenisse en voorbeelde uitdrukkings is van die sondige menslike kultuur **mag dit nie nagevolg word nie**.
- As hulle uitdrukkings is van aanvaarbare menslike kultuur, **mag hulle nagevolg word**.
- En wanneer hulle uitdrukkings is van die kultuur van die Koninkryk van God, dan **moet hulle nagevolg word**.

(3) Voorbeelde van menslike gebeurtenisse in die geskiedenis wat nie normatief is nie.

Historiese voorbeelde in die Bybel bepaal nie wat die Bybel leer m.b.t. geloof en lewe nie, maar kan wel illustrasies wees van wat die Bybel leer. **Die volgende is dus geen reëls** vir Christene nie:

- Baie vroeg in die more bid, is nie normatief nie (Markus 1:35). In Matteus 6:5-8 leer Jesus Christus: “En as julle bid, gebruik nie ’n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word”. Die onderrig van Jesus Christus is die norm vir alle Christene. Maar in Markus 1:35 staan dat Jesus vroeg in die oggend opgestaan het om op ’n eensame plek te bid. Dit is geen onderrig nie, maar geskiedenis wat nie uitgelê of geëvalueer word nie. Die historiese voorbeeld van Jesus is dus nie die norm nie. Natuurlik **mag** Christene sy voorbeeld navolg, maar hulle **mag nie** die voorbeeld verpligtend maak vir andere nie!
- Die evangelie net verkondig waar Christus nog onbekend is (Romeine 15:20). In Markus 16:15 beveel Jesus Christus dat die evangelie aan die hele skepping verkondig **moet** word. Hierdie bevel van Jesus Christus is die norm vir die Christelike Kerk. Maar in Romeine 15:20 skryf Paulus dat hy daarop ingestel is dat hy die evangelie nie op plekke verkondig waar Christus al bekend was nie. Die voorneme van Paulus word nêrens in die Bybel uitgelê of geëvalueer nie en is dus nie normatief nie. Natuurlik **mag** Christene die voorbeeld van Paulus navolg, maar hulle **mag nie** die voorbeeld vir andere verpligtend maak nie.
- Met meer as één vrou trou (Lameg in Genesis 4:19; Abraham in Genesis 25:6; Dawid in 1 Kronieke 3:1-9; 14:3) is nie normatief nie (Matteus 19:5-6). Die norm is die bevel van God om jou ouers te verlaat, jou vrou (enkelvoud!) aan te hang en met haar één liggaam te word (Genesis 2:24; Matteus 19:5-6).
- Kniel as daar gebid word is nie die norm nie (Efesiërs 3:14-15)
- Reis om die evangelie te verkondig is nie die norm nie (Markus 1:39)
- ’n Melaatse aanraak is nie die norm nie (Markus 1:41)
- Vir ’n verlamde sê, “Staan op en loop” is nie die norm nie (Markus 2:9-12)
- Twaalf apostels aanstel is nie normatief nie (Markus 3:13-15)
- In gelykenisse onderrig gee is nie normatief nie (Markus 4:2,34)
- ’n Stormwind beveel om te gaan lê is nie normatief nie (Markus 4:39)
- Veertig dae (Matteus 4:2) of twee maal per week vas (Lukas 18:12) is nie die norm nie.

3. Menslike gebeurtenisse in die geskiedenis van die Bybel wat voorbeelde is van duidelike onderrig of ’n bevel in die Bybel mag beskou word as normatief.

Voorbeelde van gebeurtenisse in die geskiedenis wat normatief is en dus nagevolg moet word:

- Naby God leef (Henog in Genesis 5:22) is normatief omdat dit in die Bybel geleer word (Psalm 27:4)
- Josef neem geen wraak op sy broers nie (Genesis 45:5; Genesis 50:20-21). Dit is ’n goeie voorbeeld van menslike gedrag en **mag** nagevolg word. Maar omdat die Bybel in ander gedeeltes duidelik leer en beveel dat mense geen wraak mag neem nie (Romeine 12:17-21; Matteus 6:14-15), **moet** Christene die voorbeeld van Josef navolg. Jesus Christus het nie net vir ons ’n goeie voorbeeld gestel deur te ly sonder om te dreig, maar roep Christene op om in sy voetspore te volg (1 Petrus 2:21-23). Dus is hierdie historiese voorbeelde van Josef en Jesus normatief.

4. Menslike gebeurtenisse en voorbeelde in die geskiedenis van die Bybel wat uitgelê of geëvalueer is, mag beskou word as normatief. Dis deel van algemene onderrig.

(1) Voorbeelde van slegte menslike gedrag in die geskiedenis wat normatief is en dus nie nagevolg moet word nie.

Gebeurtenisse in die geskiedenis as waarskuwing.

Die Bybel verhaal die slegte gedrag van Israel: afgode dien (Eksodus 32:6), egbreuk pleeg (Numeri 25:1-5), God weerstaan (Numeri 21:5-6) en rebelleer teen God (Numeri 14:36-37). Die gevolg was dat God hulle laat sterf het in die woestyn.

Die evaluasie. Omdat hierdie slegte historiese gebeurtenisse geëvalueer is (“Daarom is Ek, die Here, hulle nie meer goedgesind nie” Jeremia 14:10, of “daarom het Ek die HERE geen behae in hulle nie”, AOV), lei Paulus ’n algemene beginsel van hierdie gebeurtenisse af: “Hierdie dinge het gebeur as voorbeelde vir ons dat ons ons nie soos hulle deur sondige begeertes moet laat dryf nie” (1 Korintiërs 10:6,11).

Die onderrig. Die algemene les is: christene moet elke vorm van kwaad wat in die Bybel beskryf is vermy en hulle moet lesse leer uit God se straf van die kwaad. Hierdie gebeurtenisse in die geskiedenis wat in die Bybel geëvalueer is, is normatief en geld vir alle mense, Christene en nie-Christene. Op grond van hierdie Bybelgedeelte leer ons dat die historiese gedeeltes in die Bybel (meestal slegte voorbeelde) in die Bybel opgeteken is om mense te waarsku dat hulle die kwaad **moet vermy**.

(2) Voorbeelde van goeie menslike gedrag in die geskiedenis wat die norm is en dus nagevolg moet word

• **'n Gebeurtenis in die geskiedenis as 'n vermaning.**

Die Bybel vertel dat Paulus probeer het om elke mens op elke moontlike manier tevrede te stel ten einde soveel as moontlik mense te red.

Die evaluasie. Paulus het die voorbeeld van Christus gevolg en alles probeer om die mense te red. Hieruit lei Paulus 'n algemene beginsel vir die mense se gedrag af: Moenie aanstoot gee (in sake soos eet en drink) aan Jode, Grieke of die gemeente van God (Christene) nie. Moenie die oorsaak wees dat andere struikel nie, maar probeer om alle mense tegemoet te kom sodat hulle gered kan word. (1 Korintiërs 10:23-33).

Die onderrig. Die algemene les is: christene **moet** hulle op so 'n manier gedra dat andere gered kan word. Hierdie voorbeeld is normatief en geld vir alle Christene. Op grond van hierdie Bybelgedeelte leer ons dat Christene die goeie voorbeeld van regverdige mense **moet navolg** wanneer hulle gedrag die wil van God reflekteer en wanneer hulle die voorbeeld van Jesus navolg.

Dan sê Paulus, “Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg.” (1 Korintiërs 11:1). Dit is geen bevel om Paulus in alles na te volg nie. Christene **mag** 'n sendingsreis onderneem, dissipels in elke stad maak en verkies om hulle eie kos te verdien, omdat hierdie sake in die Bybel aanbeveel word. Maar Christene **mag nie** Paulus se voorbeeld volg en die sinagoge probeer opbreek om 'n gemeente te stig nie (Handelinge 19:8-10), omdat hierdie historiese gebeurtenis nie in die Bybel uitgelê of geëvalueer word nie.

• **'n Gebeurtenis in die geskiedenis as 'n onderrig.**

Nog 'n historiese gebeurtenis wat in die Bybel geëvalueer word is dat die gemeentes in Masedonië en Agaje 'n kollekte opneem vir die armes in Jerusalem (Romeine 15:26-27).

Die evaluasie. Paulus het hierdie gebeurtenis geëvalueer en lei daaruit 'n algemene les af: “As die gelowiges uit die Jode hulle geestelike rykdom met die heiden nasies gedeel het, is die gelowiges uit die heidene dit aan die gelowiges uit die Jode verskuldig om hulle met stoflike hulp by te staan.”

Die onderrig of les. Die algemene onderrig is: christene behoort hulle geestelike en materiële seëninge met mekaar te deel (vgl. 1 Korintiërs 9:13-14; 2 Korintiërs 8 en 9; Galasiërs 6:6).

5. Goddelike heilsgeskiedenis in die Bybel is altyd normatief. Mense moet dit glo en moet hulle daaraan onderwerp.

(1) Gebeurtenisse in Gods heilsgeskiedenis is normatief en moet dus geglo word.

God spreek en handel in die skepping en in die menslike geskiedenis ten einde sy mense te behou en andere te oordeel. Elke woord en daad in die Bybel is deel van sy ewige raadsbesluit en word in die tyd in die heilsgeskiedenis geopenbaar. God wil dat elkeen Hom ken en hulle onderwerp aan Hom en sy plan.

Maar Gods handelinge in die heilsgeskiedenis (Hy skep, openbaar, verlos, doen wonders, oordeel) is uniek en hierdie handelinge kan nie deur mense nagevolg word nie. Mense kan hulle net aan God en sy handelinge onderwerp.

(2) Voorbeelde van gebeurtenisse in God se heilsgeskiedenis wat normatief is:

- God het die heelal geskep, die aarde en die mens. Nét God kan skep!
- God het Homself en sy plan geopenbaar. Nét die God van die Bybel het Homself en sy plan van verlossing en oordeel geopenbaar. Gods openbaring van Homself en sy plan is uniek en mense kan God en sy plan nie openbaar nie (wel bekend maak en verkondig). God het Homself in die skepping geopenbaar (Romeine 1:19-20; 2:15), deur die Ou-Testamentiese profete (Hebreërs 1:1-2), in Jesus Christus (Kolossense 1:15,19) en deur die onderrig van Jesus Christus en sy apostels aangaande Jesus Christus (Johannes 16:13-15). God red mense alleen deur Jesus Christus (Johannes 14:6). En God voer sy oordeel alleen deur Jesus Christus uit (Johannes 5:22). Alle mense moet hulle aan Jesus Christus onderwerp (vgl. Jesaja 45:21-23; Filippense 2:9-11)!
- God red en veroordeel mense in 'n absolute sin. Alleen God kan mense red van hulle sondes en die gevolge van hulle sondes. En nét God kan mense wat hulle nie onderwerp aan Hom en Sy plan nie veroordeel.

REËL 10. BEPAAL OF DIE KULTUUR IN DIE BYBELGEDEELTE NORMATIEF IS

Die kulturele konteks in die Bybel bestaan uit die onderwysings, bevele en verbodsbepalings m.b.t. menslike gedrag. Maar dit moet geglo en nagevolg word te midde van die verdorwenhede van die menslike kultuur (die historiese konteks). Terwyl die historiese konteks in die Bybel net beskryf hoe mense hulle gedra het (goed of sleg), leer die kulturele konteks van die Bybel hoe God wil dat mense hulle moet gedra. Die onderwysings, bevele en verbodsbepalings in die Bybel is oor die algemeen normatief.

▪ **Die menslike kulture in die wêreld is aangetas deur die sondes en verdraaiings van wat God bedoel het dat die menslike kultuur behoort te wees. Daarom bevat menslike kulture ook slegte elemente en kan dit nie normatief wees vir menslike gedrag nie.**

▪ **Maar die kultuur van die Koninkryk van God wat in die Bybel geleer word, is wat God wil hê dat elke menslike kultuur op aarde uiteindelik moet nastreef en word.**

1. Die beskrywing van die menslike kultuur in elke periode van die geskiedenis van die Bybel is nooit normatief of gesaghebbend nie. As dit vir God aanvaarbaar is, mag dit nagevolg word. Maar as dit vir God gruwelik en verwerplik is, mag dit nooit nagevolg word nie!

(1) Wat is kultuur?

Die menslike kultuur bestaan uit:

- die wêreldbeskouing, waarhede, geloofsoortuigings, bygelowe, norme en waardes
- wat mense uitdruk in hulle gebruike en tradisies, gedrag en gewoontes, en in hulle verhoudings en instellings (politiek, ekonomie, reg, onderwys, sosiale instellings en godsdiens) in 'n bepaalde periode van hulle geskiedenis.

Die Bybel bevat historiese beskrywings van aspekte van menslike kultuur in die tyd waarin die geskiedenis wat in die Bybel staan, afgespeel het. Hierdie beskrywings van die menslike kultuur kan goed en dus vir God aanvaarbaar wees of sleg en dus vir God sondig en verwerplik wees.

Dus, terwyl die Bybel die sondige kultuur van die wêreld (die valse leerstellings en goddelose gedrag van mense in die geskiedenis van die wêreld en in die ander godsdienste) beskryf, leer en beveel die Bybel die regverdige kultuur van die Koninkryk (koningskap) van God!

Byna alle menslike kultuur in die Bybel word ontleed en geëvalueer, verbied, beveel of geleer. Die historiese beskrywing van die menslike kultuur (d.w.s. wat mense glo en hoe hulle hul gedra) in die tyd van die Bybel is nooit die norm nie, tensy dit duidelik op 'n ander plek in die Bybel geleer of beveel word. Maar die kultuur van die Koninkryk van God is altyd normatief!

(2) Voorbeelde van goeie (aanvaarbare) menslike kultuur wat nagevolg mag word.

- Nuwe christelike liedere komponeer (waarvan die inhoud nie met die Bybel teenstrydig is nie), hulle sing en musiek maak met allerlei musikale instrumente en selfs op 'n bepaalde wyse dans waardeur uitdrukking gegee word aan die vreugde in God, is uitdrukkings van goeie menslike kultuur. Gods volk **mag** hierdie voorbeelde navolg en word selfs aangemoedig om hierdie voorbeelde na te volg (Psalm 149:1-5; Psalm 150:2-6).
- Met hande (Markus 7:2), stokkies of mes en vurk eet, word nie in die Bybel verbied nie en die gebruik **mag** nagevolg word.
- Kinders in Sondagskole onderrig gee (vgl. Markus 10:13-16) of jeugklubs organiseer, is ook nie in die Bybel verbied nie en **mag** nagevolg word. Dit word selfs **beveel** (Kolossense 3:16, vgl. ook Deuteronomium 6:7)!
- Voete van gaste was (Johannes 13:4-5) was nie net 'n goeie kulturele gewoonte nie, maar 'n **bevel** in die Bybel (Johannes 13:14-15). Maar die bevel beteken nie dat jy letterlik die voete van gaste moet was nie, maar dat Christene moet dien waar ander mense nie wil of kan dien nie.

2. Die verbod van slegte (verwerplike) menslike kultuur in die Bybel is altyd die norm en gesaghebbend! Dit mag nie nagevolg word nie! Die sondige menslike kultuur wat in die geskiedenis van die Bybel beskrywe word, word uitdruklik verbied!

Voorbeelde van slegte (verwerplike) menslike kultuur wat nie nagevolg mag word nie.

- Om tegelyk meer as een vrou te hê word in die Bybel verbied (Matteus 19:3-6). Die feit dat Dawid meer as een vrou gehad het (2 Samuel 5:13; vgl. Genesis 2:24), is 'n voorbeeld van verwerplike menslike kultuur.
- Die neem van wraak, ook wraak uit eergevoel, is verbode. Die feit dat Absalom sy broer Amnon doodgemaak het omdat hy sy suster Tamar onteer het (2 Samuel 13:22,32; vgl. Romeine 12:19) is 'n voorbeeld van verwerplike menslike kultuur.
- Die verkondiging van valse leerstellings is verwerplik (Jeremia 23).
- Die navolging van die afskuwelike dade van die volke in die wêreld is verwerplik: bv. mense as offers doodmaak, waarsêery, towery, beswerings, raadpleging van waarsêers, spiritisme, ens. (Deuteronomium 18:9-13).
- Die bedryf van allerlei seksuele immoraliteit is verwerplik: bv. bloedskaande, egbreuk, homoseksuele en lesbiese verhoudings en met diere die geslagsdaad doen (Levitikus 18:6,20,22,23; Romeine 1:24-27).
- Die bestudering en navolging van die grondbeginsels, leerstellings en reëls van die godsdienste van die wêreld (Hindoeïsme, Boeddhisme, Islam, Antroposofie, New Age, Scientologie en andere kultusse) is verwerplik. Hulle godsdiens, filosofie, psigologie, sosiologie en spiritualiteit is verwerplik (Kolossense 2:8).
- Skinder, kwaadsprek, arrogansie, die haat van die God van die Bybel, die smaad van Christene, hoogmoed, grootpraterij, die bedink van slegte dinge en ongehoorsaamheid aan ouers is verwerplik (Romeine 1:29-30).
- Ontrouheid, liefdeloosheid, onversoenlikheid en onbarmhartigheid is ook verwerplik (Romeine 1:31-31). Al hierdie dinge mag nie nagevolg word nie.
- Egskending sonder een van die Bybelse redes (seksuele immoraliteit, geestelike immoraliteit, geweld en 'n gemengde huwelik: d.w.s. 'n huwelik tussen 'n christen en 'n nie-christen) is verwerplik (Maleagi 2:14-16; Matteus 5:32; Markus 10:11-12; 1 Korintiërs 7:10-15).

Die Bybel aarsel nie om die verwerplike dade en verdraaide aspekte van die menslike kultuur in die wêreld op te teken of te beskryf nie (Romeine 1:18-32): moord (Genesis 4:8), gemengde huwelike tussen gelowiges en ongelowiges (Genesis 6:2,5), onafhanklikheid van God (Genesis 11:4), homoseksualiteit (Genesis 19:4-5), verkragting en seks voor die huwelik (Genesis 34:2-7,31), afgodery (Eksodus 32:1-8), materialisme en hebsug (Jesaja 5:8), sekularisasie (Jesaja 5:12), relativisme (Jesaja 5:20), onreg (Jesaja 5:23), korrupsie (Handelinge 4:32 - 5:4), sondige ambisies (Handelinge 8:18-23), outoritêre leierskap in die gemeente (3 Johannes 9-10) en die verdra van valse leerstellings en sondige gedrag in die gemeente (Openbaring 2:14-16,20-23), ens. Elke sondige aspek van die menslike kultuur moet vermy of getransformeer word!

Voorbeelde soos die van Dawid en Absalom word wel opgeteken in die Bybel (1 Korintiërs 10:6,11), maar is beslis nie die norm nie, omdat sulke verkeerde gedrag in ander Bybelgedeeltes uitdruklik verbied word! Al bogenoemde voorbeelde **mag nie** nagevolg word nie!

3. Die kultuur van die Koninkryk van God bestaan uit die onderrig, die bevele en die verbiedinge in die Bybel m.b.t. die menslike kultuur en is altyd normatief en gesaghebbend! God wil dat alle mense die sondige aspekte van menslike kultuur laat los en die kultuur van die Koninkryk van God aanneem!

(1) Die Bybel gee die uitleg en evaluering van die menslike kultuur.

Die Bybel leer hoe menslike kulture in elke periode van die menslike geskiedenis **moet** verander. Alle onderrig, bevele en verbiedinge in die Bybel gee kulturele uitleg of evaluering, d.w.s., hulle leer God se vereistes hoe menslike kulture op elke plek in die wêreld en in elke periode van die geskiedenis moet wees.

Die Bybel leer wat die wêreldbeskouing van mense **moet** wees (1 Johannes 2:15-17), watter waarhede mense **moet** glo (Johannes 8:31-32; Johannes 14:6; Johannes 17:17), watter morele waardes en norme mense **moet** hê (1 Korintiërs 5:9-13; 1 Korintiërs 6:9-11), hoe mense hulle **moet** gedra en hoe hulle oor die weg **moet** kom met andere (Matteus hoofstukke 5-7), en watter menslike gebruike en instellings vir God welgevallig is (Maleagi 2:14-16; 1 Tessalonisense 4:1-8).

(2) Die Bybel leer die kultuur van die Koninkryk van God.

In die Bybel word die menslike kultuur voortdurend geëvalueer of uitgelê as goed of sleg, verbode of aanbevelenswaardig. D.m.v. die onderrig, bevele en verbiedinge in die Bybel is dit God se doel om die kultuur van elke familie, gemeenskap of volk in die wêreld te verander sodat dit word soos die kultuur van die Koninkryk van God! God is op pad om 'n besondere volk vir Hom te bou met 'n besondere kultuur, die kultuur van die Koninkryk van God. Die Bergrede in Matteus hoofstuk 5 - 7 is 'n voorbeeld van die kultuur van die Koninkryk van God.

(3) Die Bybel leer wat alle menslike kulture moet word.

Dit is verkeerd om te dink dat die kulturele konteks in die Bybel gebonde is aan 'n bepaalde tydspanne in die verlede en dus nie normatief is vir christene van vandag nie!

Die boeke van die Bybel is nie maar net geskiedenisboeke wat in bepaalde menslike kulture in die verlede geskrywe is nie, maar is boeke wat bekendmaak wat God bedoel en vereis wat alle menslike kulture op elke plek in die wêreld en in elke tydperk van die geskiedenis moet word!

Die Bybel bring alle sondige en verwronge aspekte van die menslike kulture op alle plekke en in alle tye waarin hulle geskrywe is aan die lig. Die Bybel leer ook wat die menslike kultuur op alle plekke in die wêreld en in alle tye van die geskiedenis moet word! Christene moet die kulturele konteks van die Bybel (die onderrig, bevele en verbiedinge) beskou as normatief vir alle mense in die wêreld en ook vir elke periode van die menslike geskiedenis!

(4) Wat is die kultuur van die Koninkryk van God?³

Die kultuur van die Koninkryk van God bestaan uit die onderrig, die bevele en die verbiedinge in die Bybel (korrek uitgelê). Dit openbaar die wil van God m.b.t. wat elkeen in die wêreld in alle kulture en gedurende die hele menslike geskiedenis **moet** glo, hoe hulle hul **moet** gedra, watter waardes en norme hulle **moet** hê, hoe hulle **moet** verander en hoe hulle **moet** lewe!

Dit is God se bedoeling om 'n besondere volk vir Hom te skep wat in hierdie wêreld leef in ooreenstemming met die kultuur van die Koninkryk van God! Dit is God se bedoeling om nie alleen die individu nie, maar ook sy kultuur te verander! Elke sondige aspek van die menslike kultuur op aarde **moet** getransformeer word tot die kultuur van die Koninkryk van God! Daarom word menslike kulture voortdurend in die Bybel geëvalueer. God stel alle menslike kulture bloot aan die lig van die kultuur van die Koninkryk van God, sodat alle menslike kulture op aarde steeds meer word soos die kultuur van die Koninkryk van God! God is besig om die Christene op aarde voor te berei om die Koninkryk van God in die finale fase te erf (Matteus 25:35; Openbaring 11:15).

Die kultuur van die Koninkryk van God is altyd (in elke tydperk van die geskiedenis) en oral (in elke land in die wêreld) normatief en gesaghebbend, tensy die Bybel 'n beperking plaas op 'n bepaalde bevel, verbod of onderrig in 'n ander

³ "Die Koninkryk van God" word uitgelê in die inleiding in Handleiding 1.

Bybelgedeelte! Die onderrig, bevele en verbodings is nie alleen normatief vir Christene nie, maar ook vir alle ander mense in die wêreld en deur die hele geskiedenis. Dit is so omdat die God van die Bybel nie alleen die God van Christene is nie, maar ook die God van alle nie-Christene, of hulle dit erken of nie! Dit is God se doel om “alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus” (Efesiërs 1:10; vgl. Filippense 2:9-11)!

Die Bergrede in Matteus 5 - 7 is die bekendste Bybelgedeelte oor die kultuur van die Koninkryk van God. Die kultuur van die Koninkryk van God eis (leer en beveel) dat alle sondige aspekte in die menslike kulture van enkelinge en groepe van mense in die wêreld verander **moet** word ten einde te word soos die kultuur van die Koninkryk van God!

Vra jouself af: “Beskryf die Bybelgedeelte (Matteus 5-7) ’n aspek van die sondige kultuur in die wêreld in ’n bepaalde tydvak? Of beskryf dit ’n aspek van die altyd heilige en regverdige kultuur van die Koninkryk van God?”

Let wel. Die seremoniële of rituele wette in die Ou Testament is al vervul en dus opgehef en afgeskaf (Matteus 5:17; Kolossense 2:14, Efesiërs 2:15). Hulle is daarom nie langer normatief/geldig in die Nuwe Testamentiese periode nie.

(5) Voorbeelde van belangrike normatiewe en gesaghebbende leerstellings in die Bybel wat die kultuur van die Koninkryk van God vorm. Hulle moet deur alle mense nagevolg word.

De volgende leerstellings m.b.t. die huwelik, seks, familie, kerk, owerheid en die reg is almal normatief omdat hulle duidelik tot die kultuur van die Koninkryk behoort:

- Die onderrig van die profeet Maleagi (Maleagi 2:14-16), Jesus Christus (Matteus 19:3-9) en die apostel Paulus (1 Korintiërs 7:1-16) m.b.t. die christelike huwelik en egskeiding is normatief.
- Die onderrig van Moses, Paulus en die skrywer van die brief aan die Hebreërs m.b.t. seksuele immoraliteit is normatief (Levitikus 18:3-6,20,22-23; Romeine 1:24-27; 1 Tessalonisense 4:1-8; Hebreërs 13:4).
- Die onderrig van Paulus en Petrus m.b.t. die verantwoordelikhede van manne, vroue en kinders in die gesin is normatief (Efesiërs 5:22-33; Kolossense 3:18-21; Titus 2:4; 1 Petrus 3:1-7).
- Die onderrig van Jesus, Paulus en Petrus m.b.t. die Kerk (Gemeente) en haar leiers (die oudstes/ouderlinge) is normatief (Matteus 20:25-28; Handeling 20:17,28; Efesiërs 4:1-16; 1 Timoteus 3:1-15; 1 Timoteus 5:17-22; Titus 1:5-9; 1 Petrus 5:1-7).
- Die onderrig van Paulus m.b.t. die verantwoordelikhede van manne en vroue in die amptelike byeenkomste van die Kerk (Gemeente) is normatief (1 Korintiërs 14:26-40; 1 Timoteus 2:8-15).
- Die onderrig van Jesus, Paulus en Petrus m.b.t. die owerheid van ’n land is normatief (Matteus 22:21; Handeling 4:19-20; 5:29; Romeine 13:1-7; 1 Petrus 2:13-17).
- Die onderrig van Moses en Paulus m.b.t. die regstelsel is normatief (Deuteronomium 16:18-20; 1 Korintiërs 5:9 – 6:11).

Omdat bogenoemde onderrig nie beperk word deur ander onderrig in die Bybel, is hulle oral en altyd normatief!

5	GEBED (8 minute)	<i>[REAKSIES]</i> GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
---	------------------	--

Bid saam in antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) reageer op wat hy/sy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

Of verdeel die groep in groepies van twee of drie en bid saam vir mekaar (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	<i>[OPDRAGTE]</i> VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
---	--------------------------	---

Deel die opdragte vir voorbereiding vir die volgende keer, afgerol, uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. **Toewyding.** Wy jou daaraan toe om ’n dissipel te wees en dissipels te maak. Leer die tien reëls vir die uitleg van die Bybel uit jou kop en pas hulle konsekwent toe wanneer jy die Bybel lees en bestudeer. Verkondig, leer of bestudeer die studie oor die reëls om die Bybel korrek uit te lê saam met iemand anders of met ’n klein groep mense.
2. **Persoonlike tyd met God.** Hou stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk per keer uit Eksodus 4:1 – 7:13. Maak gebruik van die vroeë metode vir stiltetyd en maak kort aantekeninge.
3. **Bybelstudie.** Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. (3) Matteus 28:16-20. Tema: Die sendingtaak van die gemeente. Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
4. **Gebed.** Bid vir iemand of iets hierdie week en sien uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. **Hou jou notas op datum.** Hierdie keer oor aanbidding van God, jou stiltetyd en hoe om die Bybel korrek uit te lê.